# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

**Vol. XX** YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2026 SEPTEMBER **No. 03**


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

### PSALM 103:1-10

1. Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof.
2. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie.
3. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees,
4. wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon,
5. wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk.
6. Die Here laat geregtigheid en reg geskied aan almal wat verdruk word.
7. Aan Moses het Hy sy wil bekend gemaak, aan Israel wat Hy van plan was om te doen.
8. Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde.
9. Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie.
10. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie.

# ONTHOU OM TE ONTHOU!

**REMEMBER TO REMEMBER!** *Sus. Jesy Veena Sam*



**En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.** (Efesiërs 4:11).

Groete in die wonderlike Naam van ons Heer en Verlosser Jesus Christus, aan al ons uitgebreide familie van **Echo of His Call**, ver en wyd.

Dit is altyd 'n vreugde en 'n voorreg om met julle almal te kontak maak deur ons maandelikse tydskrif. En as die tydskrif vir jou tot seën is, skryf gerus vir ons. Ons sal baie bly wees om jou kosbare gedagtes en terugvoer te ontvang.

GELUKKIGE LERAARSDAG!

Onthou Diegene Wat Ons Geleer en Beïnvloed Het!

'n Baie gelukkige Leerkrag-dag vir al die onderwysers wat hulle lewens toegewy het om die denke van die volgende geslag te verlig.

**En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.** (Efesiërs 4:11).

Ek glo werklik dat ouers die eerste onderwysers is wat God vir ons

....verv. op.bls. 3


**Echo of His Call**

*Christelike YouTube Kanaal!*



**Elke dag 2 minuut-boodskap deur**

**Past. S. Sam Selva Raj!**

**in English, Hindi Language - 1.00 A.M., in Tamil & Telugu Language - 2.00 A.M.**

**and**

**Tamil & Engelse Boodskap & Gebed**

**Sondag 8.30 vm. & 6.00 nm.**

**Please Subscribe if you are blessed! Share with whom you love & care!!**

# ECHO OF HIS CALL - (Op pad na die 60ste jaar)

Estd. 1969



## van julle geliefde broer...

### . . . Ek sal hulle land herstel (2 Kronieke 7:14).



**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


HON. EDITOR-IN-CHIEF

Rev. Dr. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.

EX MANAGING EDITOR

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

GENERAL MANAGER

Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.

ADMINISTRATION

Sis. Jesy Veena Sam

Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.

Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.

Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.

Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)

EDITORIAL BOARD

Sis. Sajini Cherian

Rev. Dr. J. John Rajarathnam, B.E.S., BD., M.Th.

Rev. Dr. K.R. Rajasekaran

Adv. N. Balaji, B.Com., M.L.

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER

Pastor S. SAM SELVA RAJ

Echo of His Call Printers

10, Mohammed Abdullah 2nd Street,

Chepauk, Chennai- 600 005, India.

Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293

Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858

E.MAIL

sam@echoofhiscall.org

biblecor@yahoo.co.in

WEBSITES

www.echoofhiscall.org

www.stpaulsmatriculation.org

YOUTUBE CHANNEL

Echo of His Call


Geliefde in die Here,

Groete vir elkeen van julle in die onvergelyklike Naam van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus!

Deur die oorvloed genade van God het ons bediening sy 58ste jaar begin op 10 Augustus. Ons eer en dank die Here vir sy ryke seëninge oor die spesiale geestelike samekomste in ons Kerk op 8, 9 en 10 Augustus. Ons is diep dankbaar vir elkeen van julle wat ons getrou bygestaan het en saam gewerk het in hierdie bediening deur al die jare. Mag die Here julle elkeen ryklik seën vir julle liefde, gebede en volgehoue ondersteuning.

Op 5 Julie het Suster J. Victoria, 'n gegradueerde van **Nehemia Bybelkollege** (Diploma in Teologie – Dip. Th.) en tans in die Here se diens in die Ennore gebied van Chennai, die kollege besoek en haar seun J. Anburaj as student ingeskryf.

Hierdie kosbare reünie het ons harte vol gemaak met dank, blydskap en hernude bemoediging. Dit is 'n wonderlike getuienis van God se



trou wanneer ons 'n voormalige student sien wat die Here dien en nou die volgende geslag bring om ook opgelei te word vir bediening. Hieronder is 'n opsomming van Suster Victoria se getuienis.

***Deur God se genade het ek die voorreg gehad om by* Nehemia Bybelkollege *te studeer onder* Echo of His Call bedienings *gedurende 2011-2012 se akademiese jaar. Van die eerste dag af het ek geleer dat die Bybel nie net 'n boek is om te bestudeer nie, maar God se lewende Woord wat daagliks gelewe en gehoorsaam moet word. Die opleiding het my gehelp om God se wil te onderskei en te wandel in getroue gehoorsaamheid aan Hom.***

***Die suiwer Bybelse onderrig en Goddelike beginsels wat die fakulteit geleer het, het 'n sterk fondasie geword vir my geestelike lewe en bediening. Die waardes wat in my gelê is – gebed, dissipline, nederigheid, integriteit, stiptelikheid en 'n helder visie vir bediening – versterk en lei my tot vandag nog in my diens vir die Here.***

***Ek dank God heelhartig vir die vorming van my lewe deur hierdie instelling. Ek is diep dankbaar vir die fakulteit en administrasie wat***

***my liefdevol geleer, gerig en bemoedig het en vir my gebid het tydens my opleiding. My innige gebed is dat* Echo of His Call bedienings *nog baie meer jong manne en vroue vir God se Koninkryk sal toerus en hulle sal oprig om sout en lig vir die wêreld te wees.***
- Suster Victoria

Ons betuig ons hartlike dank aan al ons lesers en elke lid van die **Echo of His Call** familie vir julle volgehoue liefde, getroue gebede en vrygewige ondersteuning. Julle samewerking stel ons in staat om aan te hou om die Evangelie te verkondig en gelowiges toe te rus vir God se diens.

Mag die oorvloedige genade, vrede en seën van ons Here Jesus Christus by julle almal wees. Amen!

Julle broer in diens van Christus Jesus,
*PAST. S. SAM SELVA RAJ,*
E-pos: : sam@echoofhiscall.org

*... verv. van bls. 1*

gee. Dit is hulle wat ons die eerste lewenslesse leer en ons eerste treë rig.



Leraarsdag word elke jaar op 5 September gevier om ons aan Dr. Sarvepalli Radhakrishnan se geboortedag te herinner. Hy was die tweede President van Indië en het groot waarde geheg aan onderwysers en het hulle belangrike rol erken om die denke van toekomstige geslagte te vorm.

Ek wonder hoeveel van ons nog ons onderwysers onthou van die skool, die Sondagskool, Bybelkollege lektore. Nog belangriker, onthou ons ons laerskool onderwysers wat ons geleer het om 'n potlood was te hou, ons eerste letters te skryf, en ons eerste getalle te tel?

Soos die tyd aanstap vergeet ons dikwels die leer waarmee ons geklim het na waar ons vandag is.

My ma, Mev. Jeyaseeli Selvan, was 'n laerskool onderwyseres vir 32 jaar. Sy het al die akademiese vakke onderrig vir geslagte se kinders in ons omgewing. Sy was ook ons Sondagskool onderwyser wat ons geleer het van ons Here en Verlosser Jesus Christus.

Maar sy was nie maar net 'n leerkrag nie, sy was 'n instrument deur wie baie kinders op jong ouderdom aan Jesus Christus voorgestel is, in hul sekulêre opvoeding en hul geestelike lewens.

Sy was ook die eerste Sondagskool onderwyser in ons **Echo of His Call** se hoofkerk, deur wie baie van ons huidige kerkleiers en hulp-pastore versorg en groot gemaak is.

Ek dank God vir haar lewe en onthou met dankbaarheid haar vaste geloof in ons Here en Verlosser Jesus Christus.

**Onthou om te onthou!**

Die Bybel leer ons herhaaldelik om te onthou.

Onthou die Here wat groot dinge vir ons gedoen het.

Vergeetagtigheid is nie altyd maar net verlies van geheue nie. Die Bybel hou dit voor as baie ernstiger. Om dankbaar te wees is uiters belangrik, want een van die stilste maar gevaarlikste sondes wat in die Skrif genoem word is die sonde van vergeetagtigheid.

Ons dink dikwels sonde is iets wat ooglopend is – opstandigheid, woede, oneerlikheid, onsedelikheid, of hoogmoed. Maar die Bybel waarsku ons teen 'n meer subtiele toestand van die hart: om van God en sy goedheid te vergeet.

***God se Woord waarsku en herinner ons***

- Deuteronomium 6:12: **Maar sorg dat jy nie dan die Here vergeet ... nie ...**
- Deuteronomium 8:2: **Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het ...**
- Psalm 103:2: **Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie.**
- 1 Kronieke 16:12: **Julle moet dink aan die magtige dade wat Hy gedoen het, aan sy wonders, aan die reddingsdade op sy bevel.**
- Psalm 77:12–13: **Ek wil dink aan die dade van die Here, ja, ek wil dink aan u wonderdade van vroeër. Ek wil nadink oor al u werk en oor al u dade peins.**

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India**
**Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org**

Vergeetagtigheid in die Bybel is nie maar net bietjie geheue-verlies nie; dit kan verlies van dankbaarheid wees. Dit is wanneer iemand die seën geniet maar die Bron van die seën ignoreer. Dit is wanneer iemand goedhartigheid ontvang maar nie erkenning daarvoor wys nie. Dit is wanneer iemand vier wat hy bereik het maar vergeet van die opoffering, gebede en getrouheid van diegene wat gehelp het dat hy daar kon kom.

Dwarsdeur die Bybel kry ons mense wat geseën was deur ander mense se goedheid, maar hulle onthou nie. Hierdie verhale is nie opgeneem om maar net te kritiseer nie, maar is neergeskryf as waarskuwings vir ons.

Die vraag wat ons vir onsself moet vra is:

Het ons ooit God se seëninge geniet maar vergeet van die mense wat Hy gebruik het om ons te seën?

## 1. VERGETE GUNS:JOSEF EN DIE SKINKER! Genesis 40–41!

Josef se reis was vol verwerping en teleurstelling. Sy eie broers het hom verraai, hom as 'n slaaf verkoop, hom weerhou van die genieting van sy gesin. Maar selfs tot in Egipte het God by hom gebly.

Nadat Potifar se vrou hom vals beskuldig het, is hy in die tronk gegooi. Maar ook daar het God aan hom guns verleen en sy gawe om drome uit te lê gebruik.

Op 'n dag is die farao se skinker en bakker ook tronk toe gestuur by Josef. Beide het toe vreemde drome gehad, en met Goddelike wysheid het Josef dit vir hulle verklaar. En dit het toe so gebeur volgens sy uitleg, en die skinker het weer sy werk in die farao se paleis gekry.

Toe die skinker gereed maak om te gaan het Josef hom ernstig gevra:

**Dink aan my wanneer dit met jou goed gaan ...** (Genesis 40:14).

Josef het nie vir vergoeding gevra nie, maar net om onthou te word.

***Maar die Bybel verhaal 'n hartseer werklikheid:***

**Die hoof van die skinkers het egter nie weer aan Josef gedink nie; hy het hom vergeet** (Genesis 40:23).

Die skinker het teruggekeer na sy rusplek terwyl Josef in die tronk moes bly. Die man wat hoop gekry het, het die een vergeet deur wie God hom hoop gegee het.

Soms vergeet mense die goedheid wat aan hulle gedoen is omdat hulle vasgevang raak in hul eie seëninge. Die skinker was nie meer in die tronk nie, en dalk het die pyn van sy verlede gou vervaag. Sy vryheid het meer belangrik geword vir hom as Josef se lyding.

Maar, mense se vergeetagtigheid kanselleer nie God se getrouheid nie. Vir nog twee jaar was Josef deur mense vergeet, maar God het hom nooit vergeet nie. Amen!

Op die regte tyd het God die deur oopgemaak wat geen mens kon toe hou nie. Josef is in 'n enkele dag verskuif van tronk tot paleis.

Liewe broers en susters, hierdie verhaal herinner ons dat ons nie ons waarde moet meet aan hoe mense ons onthou of erkenning gee aan wat ons gedoen het nie. Ons beloning kom nie net van mense se nagedagtenis nie. God sien elke omgee aksie, elke opoffering, en elke oomblik se getrouheid.

***Wees verseker:*** **... Jou Vader wat in die verborgenheid sien sal jou beloon** (Matteus 6:6).

***Maar die verhaal daag ons ook uit:***

- Wie het ons op ons reis gehelp wat ons vergeet het?
- Wie het vir ons gebid toe dinge vir ons moeilik was?
- Wie het ons bemoedig toe ons wou opgee?

Mag ons nooit mense word wat ons seëninge onthou maar vergeet van hulle wat ons laste help dra het nie.

## 2. VERGETE VADER: JOAS EN JOJADA! 2 Kronieke 24!

Die verhaal van koning Joas is een van die hartseer voorbeelde van vergete getrouheid. Joas het koning van Juda geword toe hy maar sewe jaar oud was. Sy oorlewing was 'n wonderwerk. Toe sy ouma Atalia die hele koningshuis wou uitroei, is Joas gered en weggesteek in die tempel.

Die man wat hom beskerm het was Jojada die priester. Hy het meer gedoen as net Joas se lewe gered. Hy het hom gelei, God se weë vir hom geleer en gehelp om ware aanbidding weer in Juda te herstel. Onder Jojada se leierskap het Joas gedoen wat reg was in die oë van die Here.

Vir jare lank het Joas voordeel getrek uit die wysheid en geestelike leiding van hierdie getroue dienskneg van God. Maar nadat Jojada dood is het alles verander. Joas het geluister na goddeloses se raad en weggedraai van die Here af. Hy het die God verlaat vir wie Jojada hom geleer het om te volg.

***Die Bybel sê:***

**Koning Joas het nie gedink aan die liefde wat sy pleegvader Jojada aan hom bewys het nie** (2 Kronieke 24:22).

- Die man wat sy lewe gered het, is vergeet.
- Die mentor wat hom begelei het, is vergeet.
- Die geestelike vader wat in hom belê het, is vergeet.

Dit is 'n waarskuwing vir ons almal. Baie mense staan vandag iewers omdat iemand in hulle belê het.

'n Ouer het gebid.
'n Leraar het onderrig.
'n Vriend het bemoedig.
'n Mentor het opgeoffer.

....verv. op.bls. 6

GREAT COMMISSION PARTNERS
ECHO OF HIS CALL MINISTRIES
SINCE 1969

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2026 September 19 Tot 2026 Oktober 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

### Prys God vir ...

**September 19** ➲ Die uitstekende toewyding en getroue diens van ons sendingwerkers.

**September 20** ➲ Sy oorvloedige guns op ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Groot Opdrag vennote, Versoeke vennote en hul gesinne.

**September 21** ➲ Die seën van nuwe gelowiges by ons Hoofkerk.

**September 22** ➲ Die krag van God se Woord wat bedien word deur ons Sondag eredienste by die Hoofkerk en Susterkerke.

**September 23** ➲ Die ononderbroke werk van ons Evangelie Drukpers en die toegewyde diens van die bekwame werkers.

**September 24** ➲ Die getuienisse van veranderde lewens deur die twee minuut boodskappe van ons **Echo of His Call** YouTube Media Bediening.

**September 25** ➲ Sy seën op ons **St. Paul Matrikulasieskool**, **Nehemia Bybelkollege**, en ons **Bybel Korrespondensiekursusse**.

**September 26** ➲ Seën oor ons bediening met toegewyde Mede Redakteurs wat die **Echo of His Call** tydskrif bediening getrou ondersteun.

**September 27** ➲ Ons Senior Pastoor en sy volgehoue toewyding om die Evangelie te laat hoor deur ons verskeie bedienings.

**September 28** ➲ Seën oor ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj, en sy gesin met goddelike beskerming, goeie gesondheid en krag.

**September 29** ➲ Die vermoë om die **Nehemia Bybelkollege** se Gradeplegtigheid te kon hou in 'n stylvolle en geseënde geleentheid.

**September 30** ➲ Beskerming oor ons bedienings se voertuie en veiligheid vir ons drywers.

**Oktober 01** ➲ Wonderwerke deur ons Hospitaalbediening.

**Oktober 02** ➲ Seën oor die "Women's Fellowship" in ons Hoofkerk.

**Oktober 03** ➲ Seën oor ons **Global Vision for Youth and Kid Care Ministry**.

### Bid asseblief vir ...

**Oktober 04** ➲ Goddelike beskerming vir ons **Nehemia Bybelkollege** se studente.

**Oktober 05** ➲ God se beskerming oor alle nasies, veral in die wêreldwye onrus en vrees vir oorlog. Bid vir vrede, stabiliteit en harmonie oral oor.

**Oktober 06** ➲ Die eindiging van die wêreldwye ekonomiese resessie sodat daar verligting en hoop kom vir die wat daaronder ly.

**Oktober 07** ➲ God se voorsiening in die basiese behoeftes van mense oor die wêreld.

**Oktober 08** ➲ Die geldelike behoeftes van ons bediening, dat God dit sal ontmoet volgens sy oorvloedige rykdom.

**Oktober 09** ➲ Eenheid, vrede, wysheid en vooruitgang onder alle nasies in elke faset van regering en ontwikkeling.

**Oktober 10** ➲ Die volgehoue groei en uitbreiding van al ons bedienings sodat ons baie meer mense met die Evangelie kan bereik.

**Oktober 11** ➲ Sterk grensveiligheid en regverdige, effektiewe regering vir alle nasies.

**Oktober 12** ➲ God se beskerming oor alle skoolkinders.

**Oktober 13** ➲ Ons Mede Redakteurs en die lede van hul gesinne.

**Oktober 14** ➲ God se groter visie, wysheid en leiding in ons werk om sy Koninkryk op die aarde te bou.

**Oktober 15** ➲ Goddelike beskerming, goeie gesondheid en veiligheid vir ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesin teen elke bose mag en gevaar.

**Oktober 16** ➲ Die redding van gevangenes oor die wêreld.

**Oktober 17** ➲ Die jong seuns en dogters van ons nasie dat hulle naby God sal wandel en lewe volgens sy Woord.

**Oktober 18** ➲ Baie meer voorbidders wat getrou sal intree by God vir herlewing onder alle nasies.

*... verv. van bls. 4*

Maar sukses kan geestelike geheue-verlies veroorsaak. Wanneer mense 'n posisie van gesag bereik, vergeet hulle maklik wie hulle tot daar gehelp het.

Ons moet onthou dat niemand alleen groei nie. 'n Dankbare gelowige eer die mense wat God gebruik het in sy of haar reis.

## 2. VERGETE GETROUHEID: NABAL EN DAWID! 1 Samuel 25!

Nabal was 'n ryk man wat duisende skape en bokke gehad het. Hy het rykdom gehad, en voorrade, en sekuriteit.

Maar agter sy sukses was 'n onsigbare seën: beskerming. In die tyd toe Dawid en sy manne in die wildernis was, het hulle Nabal se herders en vee beskerm. Hulle was soos 'n muur rondom sy besittings. Hulle het niks van hom gesteel of hulself bevoordeel nie.

Toe kom die tyd vir die fees rondom die skape se skeerdery. Dawid stuur toe van sy mense om bietjie proviand te vra. Maar in plaas van dankbetuiging het Nabal baie arrogant gereageer. Dawid se identiteit was vir hom verdag en toe verwerp hy die diens wat Dawid en sy manne gelewer het.

Nabal het die beskerming geniet maar die beskermer vergeet. Hy is bevoordeel deur Dawid se getrouheid maar wou dit nie erken nie. Dit is 'n algemene neiging by mense. Ons merk dikwels op wat iemand nie gedoen het nie, terwyl ons oor die hoof sien wat hulle reeds gedoen het. Ons raak gewoond aan iemand se goedheid en begin naderhand om dit te verwag. Wat ons eens verras het, raak algemeen.

Gesinne kan dit ondervind.

Kerke kan dit ondervind.

Vriendskappe kan dit ondervind.

- 'n Man kan sy vrou se opofferings vergeet, en 'n vrou kan haar man se opofferings vergeet.
- Kinders kan vergeet wat hul ouers opgeoffer het.
- Gelowiges kan die gebede en bemoediging vergeet van hulle wat by hulle gestaan het.

Dankbaarheid vra vir doelbewuste herinnering.

Mag God ons help om te onthou wie ons gehelp het om te word wie ons is en te bereik waar ons vandag is.

## 3. VERGETE VRYHEID: GIDEON EN ISRAEL! Rigters 8!

Gideon se verhaal begin met vrees. Hy het weggekruip toe God hom roep. Hy het homself gesien as swak en onbelangrik, maar God het hom gesien as 'n dapper held.

**Die Engel van die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: "Die Here is by jou, dapper man!"** (Rigters 6:12).

Deur Gideon se gehoorsaamheid het God sy volk verlos van die Midianiete. Met net 300 man het Gideon een van die grootste oorwinnings wat in die Bybel opgeteken is, beleef. Die volk het vrede beleef omdat God deur Gideon gewerk het.

Maar na Gideon se dood het Israel gou vergeet.

***Die Bybel sê:***

Die Israeliete het **die Here hul God vergeet deur wie hulle gered is uit die mag van hul vyande rondom hulle** (Rigters 8:34).

Hulle het ook vergeet om te sorg vir Gideon se familie. Die mense het die oorwinning onthou maar vergeet van die bevryding wat God gegee het deur Gideon.

Dit is 'n gevaar vir ons almal. Ons kan die uitkoms vier terwyl ons die reis vergeet. Ons kan bly wees oor gebede wat gehoor is maar die Een wat dit verhoor het, vergeet.

Israel se grootste probleem was nie 'n tekort aan seëninge nie. Nee, hul probleem was dat hulle die Bron van daardie seëninge vergeet het.

Elke seën behoort ons nader aan God te bring, nie verder weg van Hom nie. Ongelukkig is dit een van die groot uitdagings van die wêreld van vandag. Ons vra God om ons te seën, maar soms is dit daardie seën wat ons begin weg trek van Hom af eerder as om ons nader aan Hom te bring.

## 5. VERGETE GENESER: DIE TIEN MELAATSES EN ONS HEER EN VERLOSSER JESUS CHRISTUS! Lukas 17!

Die verhaal van die tien melaatses is dalk die duidelikste prentjie van mense se vergeetagtigheid. Melaatsheid was 'n vernietigende siekte. Die wat daaraan gely het was afgesny van die gemeenskap, kon nie normaal lewe nie en is dikwels behandel as uitgeworpenes.

***Tien melaatses sien Jesus en roep uit:***

**... "Jesus, Here, ontferm U oor ons!"** (Lukas 17:13).

Jesus Christus het meegevoel gehad en almal genees.

* Tien lewens is verander.

* Tien mense het 'n tweede kans gekry.

* Tien mense het God se krag ondervind.

* Maar net een het teruggekom.

***Jesus Christus vra:***

... **"Was daar nie tien wat gesond gemaak is nie? Waar is die ander nege dan?"** (Lukas 17:17).

Die nege het die wonder ontvang maar het die Wonderwerker vergeet. Hulle het genesing gekry maar het nie teruggekom met danksegging en aanbidding nie. Hulle grootste verlies was nie fisies nie, maar geestelik. Hulle het die geleentheid gemis om Jesus Christus te erken en te eer vir wat Hy gedoen het.

Hoe dikwels doen ons ook so? Ons roep uit in ons nood vir hulp. Ons soek God wanneer moeilikhede kom. Ons bid vir voorsiening, genesing, rigting en deurbrake.

Maar wanneer die antwoord kom ..., draai ons dan om met danksegging?

God het nie ons dankbaarheid nodig nie; maar ons het dit nodig, want dit hou ons harte verbind aan Hom en herinner ons aan die Bron van elke seëning.

## 'n HART WAT ONTHOU

***Die Bybel roep God se mense herhaaldelik om te onthou***:

* Onthou sy getrouheid.
* Onthou sy beloftes.
* Onthou sy goedheid.
* Onthou diegene wat Hy in ons lewens gebring het.
* Bo alles, onthou die Here wat ons geseën en onderhou het.

Vergeetagtigheid lei tot hoogmoed; onthou lei tot aanbidding.

Die skinker het Josef se goedwilligheid vergeet.

Joas het Jojada se begeleiding vergeet.

Nabal het Dawid se beskerming vergeet.

Israel het Gideon se bevryding vergeet.

Die nege melaatses het Jesus se guns vergeet.

Laat ons leer uit hulle foute.

Laat ons mense word wat onthou.

Onthou die ouer wat vir jou opgeoffer het

Onthou die onderwyser wat jou bemoedig het

Onthou die vriend wat by jou gestaan het

Onthou die dienaar van God wat vir jou gebid het.

En bo alles, onthou ons Here en Verlosser Jesus Christus, die Een wat sy lewe gegee het vir ons toe ons nog sondaars was, die Een wat ons onvoorwaardelik liefhet, die Een wat gesterf het en opgestaan het vir jou en my, die Een wat weer gaan kom om ons vir altyd na Hom toe te neem.

Die grootste gevaar is nie om mense te vergeet nie. Nee, die grootste gevaar is om God te vergeet!

Mag ons lewens altyd gekenmerk word deur dankbare harte wat elke goeie gawe en getroue hand raaksien wat God op ons pad gebruik het.

Laat ons nooit vergeet van die Een van waar elke seën vloei nie.

**Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie** (Psalm 103:2).

*************


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Bid asb. vir

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**



## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal wordinons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**

**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## Geskiedenis van ons ST. PAUL MATRIKULASIESKOOL!

***Hy deel uit en gee aan die armes, Hy bly altyd vrygewig. God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer*** (2 Korintiërs 9:9-10).

Byna agt en twintig jaar gelede het ek baie arm kinders doelloos sien rondloop in die dorpie waar ons **St. Paul Matrikulasieskool** nou staan. Die meeste van daardie kinders kon weens uiterste armoede nie skool bywoon nie.

In daardie tyd het ons **BYBELKOR** aangebied, **Korttermyn Bybelkorrespondensie Sertifikaat kursus**. Ons het Bybelstudiegroepe gedoen met lesse van ons groep. Byna een honderd minder bevoorregte kinders was betrokke, en daar was baie sulke groepe op verskillende plekke. Ons het hulle bywoning aangemoedig deur verversings te voorsien. Algaande het die kinders eenvoudige Engelse woorde en Christelike liedere begin leer, en wanneer hulle die liedere tuis gesing het, het dit groot blydskap vir die ouers gebring.



Dit was toe dat die Here die las op my hart gelê het om 'n Engels-medium skool te begin in daardie dorpie vir die arm kinders.

***... want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.*** (Filippense 2:13).

Die Here het hierdie visie bevestig deur een van my goeie vriende, mnr. Sam Daniël, en so het **St. Paul Matrikulasieskool** tot stand gekom.

Die begin jare het baie uitdagings gehad. Daar was enorme finansiële probleme wat ek alleen moes hanteer. Die ouers was gretig om hulle kinders by die skool in te skryf, maar die betaling van die onderrig personeel se maandelikse salarisse was 'n konstante probleem.

Maar dan, wanneer ek die glimlagte op daardie arm kinders se gesigte sien as hulle my in Engels groet en die Engelse liedere met blydskap sing, kry ek weer nuwe krag en vasberadenheid om die bediening voort te sit, al is dit moeilik.

My vrou en ek het ons persoonlike uitgawes gesnoei soveel ons kon sodat ons die opleiding kon borg vir behoeftige kinders met hierdie onderrigprogram. Twee goedhartige broers het gehelp met die bou van die skool se geboue, maar niemand het ondersteuning gegee vir die daaglikse funksionering van die skool nie. Gevolglik moes ons gereeld van ons persoonlike besittings verkoop, selfs ons juweliersware, om die onderwysers en personeel se salarisse te betaal.



'n Paar jaar gelede het ek 'n vriend besoek wat in die hospitaal was. Maar dit was buite die gereelde besoektye en daarom het ek nogal huiwerig in die hospitaal ingestap. Terwyl ek so deur die gang loop het verskeie dokters, ook die hoof dokter, van die ander kant af gekom. Sonder om dit te besef was ek direk in hulle pad naby die Intensiewe Sorg Eenheid (ISE). Ek was ietwat verleë en uit my plek en gaan staan toe gou eenkant in 'n hoekie en sê: "Ek is jammer."



Tot my groot verbasing kom een van die dokters vinnig na my toe, kniel voor my en hou my voete vas, en begin huil. Hy sê toe: "Meneer, ek kom uit 'n ongeleerde en arm gesin. Ek het baie gesukkel in my studies. Tog het jy my toegelaat by **St. Paul Matrikulasieskool**. Jy het vir my gratis opleiding voorsien, uniforms, etes, en enige ander hulp wat ek nodig gehad het. Ek het geen skoolgeld betaal nie, maar weens jou goedhartigheid kon ek my opleiding voltooi. Later het ek medisyne gestudeer en vandag, deur God se genade, is ek 'n mediese dokter. Die geestelike fondasie wat ek gekry het tydens my skooldae rig nog steeds my lewe, en nou deel ek die Evangelie met my kollegas."




Almal teenwoordig was diep geraak. Ons was verbaas deur die getuienis van God se wonderlike werk wat Hy in hierdie jong man se lewe gedoen het. Die dokters het my met groot respek behandel, maar alle eer gaan vir ons God.

Daar is baie meer getuienisse soos hierdie van ons skool. Dit was net deur standvastige geloof in die Almagtige God dat ons hierdie bediening kon voortsit.

Vandag studeer meer as 500 studente by **St. Paul Matrikulasieskool.** Ons skool is gekies vir die Beste Skool Toekenning wat gegee is deur die voormalige Minister van Onderwys terwyl die voormalige Minister van Voedsel teenwoordig was op 24 Desember 2008.

Ons bid dat God sal voortgaan om baie meer lewens te vernuwe deur hierdie bediening deur die kinders te haal uit die dieptes van armoede en verlatenheid en te vat na lewens van hoop, doelgerigtheid en seën.

***... want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.' Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek?'***

***En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'*** (Matteus 25:35–40).

*************

## HOOFKERK SE PROGRAMME

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **ECHO OF HIS CALL** - Maandelikse Tydskrif: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamese, Punjabi, Urdu, Sinhala & Afrikaans.
3. **BIBLECOR** – Basiese Bybelkursusse (Engels, Tamil & Hindi)
4. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels & Tamil
5. Nehemia Bybelkolleges (Chepauk, Santhoshapuram & Velachery)
6. Susterkerke: Santhoshapuram, Balaji Nagar & Velachery
7. Groot Opdragvennote (Netwerk van Pastore)
8. Opleidingprogramme – Seminare & Afsondertye
9. Veldtogte
10. Literatuurverspreiding en Opvolging
11. Evangelie Drukpers - Publikasies
12. St. Paul Matrikulasieskool - Village English High School
13. Sondagskole (Chepauk) : 10.30 vm. Sondag & (Velachery, Balaji Nagar & Santhoshapuram) 3.00 nm. Sondag
14. Vroeë Oggenddiens : 5.30 vm. Sondag
15. Voorbereidingsdiens : 8.00 vm. Sondag
16. Tamil Diens : 8.30 vm. Sondag
17. Jeugbyeenkoms : 11.00 vm. Sondag
18. Gemeenskap-middagete, : 1.00 nm. Sondag
19. Telugu Diens : 4.00 nm. Sondag
20. Hindi Diens : 5.00 nm. Sondag
21. Tamil & Engelse Diens : 6.00 nm. Sondag
22. Terugvoertyd : 7.30 nm. Sondag
23. Vroue gebed : 5.30 nm. Woensdag
24. Hindi gebed : 7.00 nm. Woensdag
25. Manne gebed : 7.30 nm. Vrydag
26. Dissipelskap-byeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
27. Huis-samekomste : 6.30 nm. Dinsdag & Donderdag
28. Spesiale Nagmaal : 6.00 vm. 1ste dag van elke maand
29. Predikante-byeenkoms : 5.30 nm. Eerste Saterdag
30. Ouers se gebedstyd : 4.00 nm. Eerste Sondag
31. Naggebede : 9.30 nm. Derde Vrydag
32. Vas-gebede : 9:30 vm. Tweede Saterdag
33. Nagmaal : Tweede Sondagdiens
34. Jeug / Kinder-gebede : 10.00 nm. daagliks (per telefoon)
35. Personeel-toewyding : 9.00 vm. daagliks
36. Kantoor : 9.00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

**NOTICE**

Save our mobile numbers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (main numbers) in your mobile phones.

- Editor

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

## ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

ECHO OF HIS CALL
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"
on 4th SEPTEMBER 2026
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

## JESUS HET JOU LIEF!

To

**GOD SEËN JOU!**

Owned and published by S. Sam Selva Raj from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by S. Sam Selva Raj at Echo of His Call Printers, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: S. Sam Selva Raj.